Die Hoër Tegnologiese Skool
# John Vorster

1 September 2022

Geagte Ouer/Voog

Dit is met groot opgewondenheid dat ons kan aankondig dat ons 'n nuwe bergroete het wat ons leerders vanaf **5 September 2022** mag gebruik. Die nuwe roete se beginpunt is in **Molopoweg**, op die **hoek van Ongersstraat en Edelweissweg**. Die leerders gaan gebruik maak van **ERF Molopo 311** se oprit ,en dan met trappe in die berg inbeweeg. Die leerders sal dan die nuwe roete volg wat bo-op die berg by die bestaande roete aansluit. Die roete is gelukkig baie korter as die vorige roete. Die nuwe roete neem so 26 min om te loop.

**Die eienaar van Erf 311 Molopo het wel 'n paar reëls.**

1) Hy vra dat die kinders stil oor sy erf beweeg tot in die berg.
2) Geen motors mag sy ingang versper nie. Daar is genoeg parkering in Molopoweg om u kind af en op te laai.
3) Geen rommel mag gestrooi word nie.
4) Kinders moet nie saamdrom in sy erf nie. Hul moet direk deurbeweeg na die berg of na Molopo weg.
5) Kinders moet ten alle tye goeie gedrag openbaar.
6) Geen fietse mag op Erf 311 Molopoweg gestoor word nie.
7) Leerders mag nie hul fietse saamneem op die roete nie. Dis slegs vir voetgangers.
8) Die fietsloods by die kerk is nog steeds beskikbaar vir die leerders om hul fietse gedurende die dag te stoor.

Die skool sien die geleentheid as ons finale opsie wat oor is om die berg te mag gebruik omrede die eerste roete nou finaal gesluit is. Dis die enigste wettige ingang vir publiek na die berg vanaf Magalieskruin wat oor is. Ons wil dankie sê aan Mnr Banting vir die geleentheid om wel die roete te mag gebruik.

Om seker te maak ons respekteer die eienaar se privaatheid, gaan ons vir die bergleerders elkeen 'n kontrak gee. Daarin sal die reëls gestipuleer word wat ons van die kinders verwag.

As enige bergroete leerder hom skuldig maak deur die reëls te verbreek, gaan ons dié leerder weier om die roete te gebruik. Elke leerder gaan sy bergpas ten alle tye by hom moet dra, sodat sekuriteit en publiek hulle kan identifiseer. Ons vra dat die kinders die gesag van die sekuriteitswag sal respekteer. Die sekuriteitswag voer direkte opdragte uit wat mnr du Rand aan hom deurgee.

Die nuwe reëlings is as volg:

**Oggende**

Daar is geen hek op die roete aan Magalieskruin se kant nie, daarom kan kinders direk begin stap. Kinders moet asseblief nie saamdrom in Molopoweg nie. Die sekuriteitswag sal wel in die oggende vanaf 6:50-7:30 diens doen by die ingang na die bergroete om seker te maak die reëls van die eienaar word gehandhaaf.

**Middae**

Leerders kan dus weer vrylik oor die berg stap soos hul dit gewoond was in die verlede. Die sekuriteitwag sal in die middae saam met die kinders oor die berg stap nadat die skool uitgekom het, en aan Magalieskruin se kant bly tot 17:00 vir dissipline- en toesigdoeleindes.

Daar is ook 'n whatsapp-groepie beskikbaar vir die bergroete-ouers waarin ons inligting sal kommunikeer. Dié groep vervang nie die amptelike briewe nie, maar soms is dit net vinniger om dringend inligting uit te stuur.

Link: https://chat.whatsapp.com/BDlVHhlHH9D2rGoSwjU5h4

Enige navrae rakende die bergroete kan aan mnr. C du Rand gerig word by christodurand@htsjv.co.za.

| | |
|---|---|
| Me. A Dowd | Mnr. C du Rand |
| Hoof | Adjunkhoof |

100% GENUINE JV SEDERT 1962